Beyers Naudé:
profeet én priester

André Bartlett

In die gemeente Aasvoëlkop in Johannesburg waar ek predikant is, het Beyers Naudé oor die jare 'n baie belangrike rol gespeel. Hy was nie net die eerste predikant van die gemeente nie, maar was ook die laaste paar jaar weer saam met sy vrou Ilse lidmate van die gemeente. Dit is ook die gemeente waar hy die bediening moes neerlê toe hy in die vroeë sestigerjare betrokke was by totstandkoming van die Christelike Instituut, en dit is uit die kerkgebou van Aasvoëlkop wat hy onlangs begrawe is.

Na sy bedanking as predikant het daar verwydering tussen hom en Aasvoëlkop gekom en toe hy in die sewentiger- en tagtigerjare vir lang jare deur die regering ingeperk is, was daar min van die gemeentelede wat nog enige kontak met hom gehad het. 'n Belangrike uitsondering is Carel Anthonissen wat juis in daardie jare predikant in Aasvoëlkop was en wat gereelde kontak met oom Bey onderhou het.

Twee en dertig jaar later het die situasie egter verander. Nadat die Algemene Sinode van die NG Kerk in Oktober 1994 vir oom Bey verskoning gevra het vir die jarelange miskenning van sy en ander persone se profetiese getuienis, het Willie Goosen en Charl le Roux wat op daardie stadium die predikante in die gemeente was, by oom Bey gaan besoek aflê en ook namens die gemeente verskoning gevra.

Op 13 Augustus 1995 het oom Bey weer vir die eerste keer sedert 1963 die kansel van Aasvoëlkop bestyg om die erediens van die gemeente waar te neem. In sy preek het hy onder andere gesê: "As hier enigiemand is wat die gevoel het dat ek hom of haar veronreg het, dan sê ek tot u, broer en suster: ek is jammer. Ek kan dit nie van u vra as ek dit nie van myself vra in Christus nie!" Die dagblad Beeld het berig: "Omhelsings, vreugdevolle herontmoetings, trane en herhaalde verskonings was aan die orde van die dag voor en ná die preek… Ná die preek het die kerkgangers buite tougestaan om hand te skud, en sommige vir die eerste keer in 32 jaar met hul ou leraar te gesels."

Oom Bey sê in sy boek "My Land van Hoop" van hierdie geleentheid: "Vir my was dit 'n teken van hoop, 'n simbool van versoening wat nodig is vir die familie van NG Kerke, vir álle Kerke en vir ons hele land."

Daar was egter een van die ouer lidmate in die gemeente wat homself nie met die versoening met oom Bey kon vereenselwig nie. Nadat ek in die gemeente gekom het, het hy op 'n keer vir my gesê dat hy oom Bey nooit sou kon vergewe vir wat hy die NG Kerk en die Afrikanervolk aangedoen het nie. Maande later merk ek een Sondagoggend ná kerk op dat tannie Ilse saam met die spesifieke oom en sy vrou kar toe stap en toe besef ek dat hulle een van haar rygeleenthede op 'n Sondagoggend kerk toe is en dat daar besig is om toenadering plaas te vind.

Op 'n dag maak die oom met my 'n afspraak en toe kom vertel hy dat die hele storie met oom Bey hom nie met rus gelaat het nie. Hy het oom Bey toe gaan sien en wou net vir my kom sê dat hulle die dinge van die verlede met mekaar uitgepraat het en dat daar nou volkome versoening tussen hom en oom Bey was!

Ek vertel die verhaal omdat dit vir my iets sê van die tipe mens wat oom Bey was: die profeet wat verder kon sien as die res en wat bereid was om die alleenpad te loop as sy oortuigings dit van hom vra; maar ook die priester wat versoenend kon optree as vredemaker. Ek vertel dit ook met die bede dat die Here vir ons meer sulke leiers sal gee: leiers wat nie bang is om die vraagstukke van ons dag profeties aan te spreek nie, maar wat ook 'n passie het om breuke en verwyderings van die verlede met priesterlike besorgdheid heel te maak. Miskien is dit die heel beste manier waarop die nalatenskap van Beyers Naudé kan voortgaan om ons verder op die pad vorentoe te help.